GEMEENTENUUS
2 April 2023

Vandag in ons Gemeente

Spes. Deurkollekte: Dr Otto Opvoedingsfonds

09:00 **Erediens: Jongensfontein**
Ds. Willem Jacobs

10:15 **Erediens: Kerk & Inry-Erediens**
Ds. Francois Taljaard

10:15 **Erediens: Huis Stilbaai**
Ds Vian Louw

Spesiale Deurkollekte: Dr Otto Opvoedingsfonds

Die Dr Otto Opvoedingsfonds se fondse word gebruik om skoolklere, skoolfonds en skoolvervoer vir behoeftige kinders te betaal.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit deur middel van 'n EFT of Snapscan doen. Koeverte kan ook in die posbus by die Kerkkantoor geplaas word.
Merk asb. u bydrae:
Dr Otto Opvoedingsfonds

LEEF LOGOS

Daar sal geen Woordskool hierdie week wees nie. Die Leef Logos Woordskool hervat weer op Woensdag, 12 April 2023.

Volgende Week

DONDERDAG, 6 APRIL 2023

18:30 **Nagmaaldiens: Kerk**
Ds Francois Taljaard & ds Vian Louw

GOEIE VRYDAG, 7 APRIL 2023

10:00 **Erediens: Kerk**
Ds Francois Taljaard

10:00 **Erediens: Jongensfontein**
Ds Vian Louw

10:00 **Erediens: Huis Stilbaai**
Ds Paul du Toit

PAASSONDAG, 9 APRIL 2023

06:30 **Paasfeesdiens: Amfiteater**
Ds Francois Taljaard

08:00 **Paasfeesdiens: Kerk**
Ds Vian Louw

09:00 **Paasfeesdiens: Jongensfontein**
Ds Francois Taljaard

10:15 **Erediens: Kerk & Inry-Erediens**
Ds. Vian Louw

10:15 **Erediens: Huis Stilbaai**
Ds Manus Duminy

LERAARS

Afdae
Ds. Francois Taljaard:
Maandag, 3 April 2023

KERKSTORIES

Die Redaksie van die Kerkstories is op soek na bydraes vir die volgende Kerkstories. Indien u 'n mooi 'storie' het, indien u Bybelstudiegroep iets interessants gedoen het of indien u sommer iets prettigs het om met ons te deel, stuur asseblief u bydrae voor of op 31 Maart 2023 aan Deona Aucamp by gjjaucamp@gmail.com of lewer dit by die Kerkkantoor af. U bydraes word waardeer.

OUMA LENA SE HUIS

Vrywilligers is besig om "beanies" te brei vir die kindertjies, maar hul benodig dubbeldraad wol vir hierdie projek. Indien u oortollige wol het kan u dit by Badisa se kantoor afgee of vir Marietjie Strydom by 082 416 8171 skakel.

"SAKKIE VIR 'N PAKKIE" KOSPROJEK

Kom ons help om Badisa se spens aan te vul. Ons doen 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om 'n sakkie by die Kerk, Badisa– of Kerkkantoor te kry, dit te vul met die kositem soos aangedui op die papiertjie in die sakkie en by die twee kantore of in die mandjie in die voor-portaal by die kerk te plaas. Kontant kan ook by Badisa inbetaal word.
Vir meer inligting skakel Badisa by tel. 028) 754-2203.

Voorbidding

Die Bybelgenootskap vra spesiale voorbidding hierdie week vir die volgende lande:

Chile: Ons hoop om sowat 400 000 mense met gehoor-gestremdhede met ons Chileense Gebaretaal Bybel te bereik. Slegs 1 % van hierdie groep is Christene. Bid dat ons projek wat geskeduleer is om aan die einde van die jaar voltooi te wees, suksesvol sal wees. Bid vir die meer as 400 gesinne wat onlangs hul huise in 'n verwoestende veldbrand verloor het.

Ecuador: Bid vir ons pogings om met ons "Teken jou eie Bybel-projek" die kinders en jeug met die Bybel se boodskap te bereik. Bid dat waardes, waardigheid en hoop aan die jeug gegee sal word en dat die tekenproses die ongeletterde menigte sal help om hulself meer duidelik uit te druk. Bid ook vir die vertaling van die Ecuadoriaanse Gebaretaal Bybel.

Seesterretjies is Badisa se kleuterskool by ***Ouma Lena se Huis.*** Uitsonderlike werk word daar gedoen, dog kort ons hulp van individuele gemeentelede. Verskeie Omgeegroepe is reeds betrokke deur bydraes van R1 200.00 per jaar aan spesifieke kindertjies, wat aan hul toegewys word, te gee. Oorweeg asb. die moontlikheid om hierdie saak ernstig en biddend te ondersteun.
Kontak gerus vir Marietjie Strydom by sel. 082 4168 171 as u kan help en/of om 'n besoek by die skool te reël sodat u ingelig kan word oor die behoeftes asook wonderlike werk wat daar gedoen word.

BYBELSTUDIE VIR JONG WERKENDES

Hierdie Bybelstudie, onder leiding van ds.Vian Louw, vind elke Dinsdagaand om 18:00 plaas.
Vir meer inligting hieroor skakel gerus vir ds. Vian by 074 131 7967.

GEBEDSVERSOEKE

As gelowiges is dit ons plig om vir mekaar te bid. Indien u weet van iemand wat gebed nodig het, wil ons u vra om hulle te besoek en moontlik self vir hulle 'n gebed te doen. Indien hulle wil hê dat die gemeente óók in gebed vir hulle moet intree, kan u hulle name by die Kerkkantoor opgee en ons sal dit dan op die Gemeentenuus plaas.

INDIEN U VAN ADRES, E-POS OF SELNOMMER VERANDER HET, KONTAK ASB. DIE KERKKANTOOR SODAT ONS U INLIGTING KAN OPDATEER.

POPPIE PROJEK

Vir slegs R100.00 per maand, kan u 'n kindjie se skoolgelde by Seesterretjie Kleuterskool en Ouma Lena se Huis borg.

Hoe werk dit: U ontvang 'n gebreide poppie met die naam van die kindjie wat u borg sowel as besonderhede van hom / haar. U ontvang dan ook voortdurend terugvoering oor die kindjie se aktiwiteite. Kom maak 'n kindjie se hartjie bly en neem asb. 'n poppie aan!

Vir meer inligting oor die projek skakel asb. vir Badisa by tel. 028) 754-2203.

Badisa

SAM

As jy weet van iemand wat hulp nodig het, eensaam is, of deur 'n krisis gaan … bel vir **SAM.**
As jy hulp nodig het … bel vir **SAM**…
As jy 'n SAM wil wees … bel vir **SAM**…
As jy ons kan bemagtig met jou kennis of hulp …
Bel vir **SAM.**
Bid asseblief vir **SAM** ...
SAM is daar vir jou.
Kontak ons gerus by 074 602 5295 of 061 077 8106

GEMEENTENUUS / AFKONDIGINGS

U is meer as welkom om weekliks 'n harde kopié van die Gemeentenuus by die Kerkkantoor te kom afhaal indien dit vir u moeilik is om dit elektronies te ontvang. Die Gemeentenuus is reeds vanaf die ***Donderdag*** vóór die Sondag gereed vir afhaal.

DAGBOEKE VAN LERAARS

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur. Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Tersia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.

Bank Besonderhede
Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391

Kerkkantoor Ure
Maandag - Donderdag:
08:00 - 13:00
14:00 - 15:00
Vrydag
08:00 - 13:00

Kerkkantoor Inligting
Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: admin@ngkstilbaai.co.za
Webblad: www.ngkstilbaai.co.za